

# Vuurmaak – die oermanier

'n Mens het darem altyd vuurhoutjies of 'n "lighter" by hom aan persoon, en dan is daar mos altyd "Blits" wat die vuurmaak storie lekker maklik maak. Wel, met hierdie gemaksug het baie van ons vergeet hoe ons voorvaders dit gedoen het, hier is die "Boesman - stokkies" en "Voortrekker - tonteldoos" vuurmaak metodes.



Soos met alle goeie dinge moet mens eers voorberei en dis hoe:

- Maak 'n area goed skoon, met effense holte in die middel om as vuurmaakplek te dien.
- Kolkteer tontel (bv. fyn grassies, wolletjies, "ouman se baard", droë tontelbos "watte" of blare ens.) enigiets wat maklik met 'n kooltjie aan die brand sal steek. Maak dan 'n "voëltjienes" daarmee, die growwer tontel buite, en die fyner aan die binnekant ('n regte voëltjie of muisnes werk ook uitstekend), dis nou jou natuurlike "Blits".
- Kry 'n klomp droë takke bymekaar en breek fyn stokkies (baie kleiner as pinkie dikte en so hand lengte) af in 'n hoop, en dan die takkies (pinkie dikte en half arm lengte) in aparte hoop. Breek dan finaal die res in stokke (ook so half arm lank), en dis jou "fyn houtjies".
- Maak genoeg droë vuurmaak hout (gewrig dikte) en stompe (bobeen dikte) bymekaar om die vuur lekker mee te kan voer.

Ons is nou reg vir vuurmaak.

Pak die gebreekte takkies in 'n piramide met opening (na wind) groot genoeg om die "voëltjienes" in te kan skyf. Plaas ook so 'n paar van die gebreekte stokke op die piramide.

Nou moet ons die warm kooltjie maak sodat ons die "voeltjenes" kan brandsteek sonder om vuurhoutjies of 'n "lighter" te gebruik.

**"Boesman - stokkies" metode:** Sny vir jou 'n droë hardhout draaistokkie, so ten minste half arm lank en pinkie dikte. Kry dan ook 'n droë sagter hout basis stokkie, duim dikte en bietjie langer as jou hand. Sny die draaistokkie se eenkant half rond met jou mes, ook met 'n klein gaatjie in die middel. Skraap dan die eenkant van die basis stokkie effens plat. Maak gaatjie op die plat kant van die basis stokkie (so duim breedte weg van ent), groot genoeg om die punt van die draaistokkie te huisves.

Gooi fyn droë sand in die gaatjie. Plaas die punt van die draaistokkie en die gaatjie, trap die basis stok met jou groot toon vas, en begin die stokkie heen en weer wikkell (draai) met jou hande terwyl jy ook afdruk (dit vat nogal oefening, en twee mense wat saamwerk kan help. Jy kan ook 'n tou of skoenveter met twee lusse vir jou duime aan die bokant van die draaistokkie vasmaak en dan dit gebruik om mee af te druk terwyl jy draai). Die rook sal by die draai gaatjie begin uitkom, en 'n swart poeier sal ook vorm. Stop nou eers die bus, gooi die bietjie swart poeier in jou "voeltjenes" en sny 'n V-keep in die kant van die basis stokkie tot net voor die middel van die draai gaatjie.

Plaas jou jagmes op die grond, sit die basis stokkie met die draai gaatjie daarop neer, en trap vas met jou groot toon. Gooi bietjie van die swart poeier in die draai gaatjie, plaas die draaistokkie daarin en begin draai broer, want nou is dit deursettingsvermoë (as jy "tjie-tjie" hoor druk harder afwaarts totdat dit verdwyn). As jy dinge reg doen sal daar rook wees, en 'n houpie swart poeier sal begin opbou in en langs die V-keep, nou is dit geduld, hou aan draai totdat die poeier begin self rook.

Jy moet nou baie versigtig wees, en eers geduld hê, want ander gaan jy maar weer moet begin. Hou op draai, maar trap die basis stokkie nog versigtig vas, en neem die draai stokkie stadig weg uit die gaatjie. Vat jou regterhand en waai versigtig suurstof oor die swart rokende poeier totdat jy sien 'n rooi kooltjie begin vorm in die poeier.

Druk die basis stokkie nou vas met jou linkerhand en vat versigtig weg jou voet (moet nie die kooltjie laat beweeg nie). Neem 'n baie dun stokkie met die regterhand en druk net agter die kooltjie vas en lig dan versigtig die basis stokkie weg. Siedaar, jy het 'n smeulende kooltjie op jou jagmes reg om die "voeltjenes" brand te steek, "Boesman" styl (die Boesmans sit gewoonlik die "voeltjenes" sommer direk onder die mes, om dinge vir hulle makliker te maak).

**"Voortrekker - tonteldoos" metode:** Neem stukkie (vyf sent grote) van die verkoolde lap uit die tonteldoos en knyp dit vas met die duim op die kant van die vuurklip. Slaan vonke met die harde staal, op die vuurklip, reg by die verkoolde lap. Die warm stukkie afgeskaafde metaal (vonke) wat op die verkoolde lap val, sal dit laat begin smeul. Blaas dan liggies om 'n smeulende kooltjie te vorm. So het die ou boere dit gedoen (hulle het gewoonlik die vonk binne-in die tonteldoos gevang, en daar die kooltjie gevorm. Na die kooltjie gebruik was om die vuur of pyp brand te

steek, is die deksel teruggeplaas en die tontel (of lap) het dan verder gesmeul en finaal doodgegaan van 'n suurstof tekort. So het daar dan ook verder verkoolde tontel (of lap) gevorm, wat hulle dan net van agter vorentoe gedruk het vir die volgende gebruik).

Well, nou het ons twee maniere om die kooltjie te kry om ons vuur mee te begin (moenie vergeet dat daar moontlik kooltjies in die oggend oor is van gisteraand se vuur).

Skuif versigtig die smeulende kooltjie in die "voetjienes", vou die nes toe om die kooltjie en blaas suurstof met die mond daarin. Dit sal begin rook, hou maar aan blaas, en siedaar die spul sal vlamvat en brand (nogal 'n lekker gevoel om dit reg te kry).

Plaas die brandende "voëltjienes" in die "fyn houtjies" piramide. Pak van die fyn gebreekte stokkies daarop, en hou aan voer totdat dit goed brand.

Die res van die gebreekte stokke kom nou handig te pas om die vuur aan te stook. Pak dan van die droë vuurmaakhout op die vuur, en onthou 'n vuur het drie dinge nodig brandstof, suurstof en hitte. Dus, moenie die vuur smoor met te veel hout nie. Wanneer dinge nou lekker aan die gang is pak die stompe so een of twee op 'n tyd vir 'n lekker lang gesels vuur.

Op die ou end van die dag is dit goeie voorbereiding, spanwerk, deursettingsvermoë en geduld wat vir jou die genot, bevrediging, en 'n ongelooflike gevoel van oorwinning gaan gee om op die oermanier vuur te maak, voorspoed.

Dr Wallace Vosloo